



Resensies

- Vorster, J.M. 2007. **Christian attitude in the Southern African liberal democracy.** Potchefstroom: Theological Publications.
(*Theuns Eloff*) 525

Fokusresensies

- Vergeer, Wim. 2007. 'n **Vaste geloof: 144 Bybelse oordenkings aan die hand van Die Nederlandse Geloofsbelydenis.** Potchefstroom: Wim Vergeer. 528
(*Hennie Goede*)
- Grobler, H.M. 1999. **Die diep bedding wat baie water vat: preekbundel.** Potchefstroom: Gereformeerde Kerk Potchefstroom-Oos. 530
(*F.W. de Wet*)



Resensies / Reviews

Vorster, J.M. 2007. Christian attitude in the Southern African liberal democracy. Potchefstroom: Potchefstroom Theological Publications. 272 p. Price: R237,00. ISBN: 0-86955-169-8.

Reviewer: Theuns Eloff
Potchefstroom Campus, North-West University

Koos Vorster, well-known South African ethicist, considers topical South African (and global) ethical issues from the viewpoint of the “Christian attitude”. He bases this mainly (although not solely) on the words of Phillipians 2:5 – “Your attitude should be the same as that of Christ Jesus.” From this and other Scriptural themes he describes the Christian attitude as fourfold: self-denial, stewardship, obedience and love.

Using these themes, but also looking at other relevant Scriptural passages and relevant research, he examines twelve issues in depth. These are nation-building, land restitution, poverty alleviation, affirmative action, labour, business, civil disobedience, freedom of belief, family life, gender issues, the protection of children and homosexuality. In addition to a very good summary chapter, he writes about the role of the South African churches in addressing these issues.

He argues that “the classic Reformed view of Scripture and its relevance for ethical principles and norms are still relevant and capable of addressing modern social problems” (p. 263). His approach is to use the fourfold theme of Christian attitude and in considering relevant Scriptural passages and (where applicable) reformed doctrine, to define relevant principles. He then examines other research and by applying the principles, comes to certain conclusions and guidelines.

Vorster does not shy away from dealing honestly with contentious themes that have hitherto not been dealt with by South African theological ethicists. These include land restitution, strikes, emigra-

tion, affirmative action, business practices and homosexuality. In this process, although his point of departure is the classic reformed view of Scripture, he comes to surprisingly refreshing conclusions and produces new perspectives. He also does not hesitate to refute “holy cows” on all sides of the spectrum (e.g. the theological justification of apartheid, the unjust consequences of affirmative action and the premises of the neo-liberal economic policy).

In some of these chapters, he develops what could be viewed as the foundation of a theology of stewardship. The chapter on “Responsible business” can especially be welcomed, as it represents the beginning of an “ethics of the corporation”, something sorely needed in the world of global business.

Vorster puts forward a number of theological perspectives that are useful and in some instances innovative:

- His systematic explanation and consideration of the relationship between the Old and New Testaments is an important perspective on ethical issues (e.g. p. 45).
- He makes a strong connection between ownership and stewardship and a useful distinction between fundamental and human rights (p. 49).
- He puts forward new perspectives on the possible causes of poverty (e.g. human brokenness and work shyness, p. 68-90).
- The options advanced with regard to freedom of belief and religion (p. 153 ff.) are very useful in the global debate on this difficult issue.
- An important perspective is that Vorster points out that, what he calls “hermeneutics of suspicion” (p. 201), invalidates whole passages of Scripture for ethical purposes, and should be rejected.

Some critical comments in the ongoing ethical debate could be made:

- In the chapter on the alleviation of poverty, a deeper discussion of the concept of the developmental state (espoused by president Mbeki) could have been useful (p. 78). This could further help define Vorster’s preference for a social democracy.
- In the very thorough discussion of affirmative action, a missing perspective is that only in a growing economy the economic cake can be grown, to ensure effective affirmative action (p. 92-93).

- In the chapter on “obedient homosexual people”, there seems to be a logical flaw in the argument about the legitimisation of gay marriages (p. 243). Vorster contends that because such marriages are *contra naturam*, “it reduces humanity to a beastly level because man has been lifted from the randomness of sexual relations”. But the proponents of gay marriages would argue that such lifelong commitments serve exactly the opposite purpose, namely to lift gay relationships from the randomness of sexual relations.

The penultimate chapter on “The servant-church” is a very important contribution to the position and role of the church in the 21st century, not just for South African circumstances, but globally. Even though it focuses on the church and the Christian attitude, it has wider implications and must be welcomed. Vorster’s point that the role and function of the church cannot be one-sided, is an effective refutation of most fringe phenomena in religion today. His fourfold model of obedience, love, stewardship and self-denial is applied to the role of churches (p. 258).

This book is bound well, and has a good design. It uses solid scientific language, but should be easy to understand for non-theologians. The book contains a few spelling and grammatical errors, but these do not detract from its main thrust. An index of both themes and Biblical texts would have been very useful, especially in a book covering such a wide range of topics.

This is an excellent contribution to Christian social ethics and should be read by:

- Theologians, social scientists and students studying theology, religious studies and social studies.
- Ministers of religion and members of local churches. It would be very useful to use the book as a companion to a thematic Bible study of ethical issues.
- Any Christian and indeed any South African.
- Many non-South Africans will find the perspective on South Africa fascinating, but most of the themes are universal in nature.

In conclusion: this well researched contribution on a number of ethical issues is written from a reformed perspective, but it also moves outside the realm of reformed ethics. In the seventies the so-called “voice of Potchefstroom” was a respected one, because it

spoke up prophetically and fearlessly. This “new voice of Potchefstroom” deserves to be heard far outside the confines of the reformed churches.

Fokusresensies

Vergeer, Wim. 2007. 'n Vaste geloof: 144 Bybelse oordenkings aan die hand van Die Nederlandse Geloofsbelydenis.

Potchefstroom: Wim Vergeer. 203 p. Prys: Onbekend.

Resensent: Hennie Goede
Skool vir Bybelwetenskappe en Bybeltale,
Potchefstroomkampus, Noordwes-Universiteit

Wim Vergeer se bundel *'n Vaste geloof: 144 Bybelse oordenkings aan die hand van Die Nederlandse Geloofsbelydenis* is 'n versameling oordenkings gegrond op die Nederlandse Geloofsbelydenis. Die skrywer dui self aan dat hierdie oordenkings hulle oorsprong het in 'n reeks preke wat hy tydens sy bedieningstyd in die Gereformeerde Kerk Potchefstroom-Oos gepreek het (p. 3). Hy wys ook daarop dat die oordenkings voorheen as dagstukkies in die *2005 Almanak van die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika* gepubliseer is. Die voorwoord verwoord ook die skrywer se persoonlike band met die Nederlandse Geloofsbelydenis.

Die bundel begin met 'n opsomming van die geskiedenis van die Nederlandse Geloofsbelydenis en die skrywer daarvan, Guido de Bres (p. 5). Die opsomming is baie kernagtig ('n enkele A5-bladsy) en dit plaas die artikels uit die Nederlandse Geloofsbelydenis wat volg in 'n breë historiese konteks. Ek meen egter dat baie lesers deur die inligting geprikkel sal word en meer sal wil lees. Daarom sou enkele verwysings na addisionele bronne nuttig gewees het. Meer agtergrond oor hoekom sekere aspekte van die belydenis spesifiek tydens die Kontra-Reformasie relevant was, sou ook nuttig gewees het.

Die indeling van die belydenis wat in die bundel gevolg is, is sinvol. Die artikels word tematies gegroepeer en benoem en sodanige

raamwerk bied aan die leser 'n oorsig oor die Nederlandse Geloofs-belydenis wat nie maklik uit ander gedrukte weergawes spreek nie (vgl. die inhoudsopgawe op p. 7-12). Die relevante artikels word gerieflikheidshalwe aan die begin van elke afdeling weergegee en die relevante dele by elke oordenking herhaal. Die oordenkings is lesersvriendelik: dit bevat die relevante artikel (of uittreksel) van die belydenis, 'n Skrifgedeelte, die fokusgedeelte uit die Skrifgedeelte (hoofsaaklik aangehaal uit die Nuwe Afrikaanse Vertaling) en die skrywer se verduideliking van die verband tussen die betrokke artikel en die Skrifgedeelte. Elke oordenking word op een A5-bladsy ingepas om sodoende 'n gerondblaaier te voorkom. Die bundel lees maklik en is tegnies goed versorg.

Wat die inhoudelike betref, slaag die skrywer in sy doel om die Nederlandse Geloofsbelydenis vir gelowiges meer toeganklik te maak. Die feit dat die artikels dikwels in kleiner eenhede verdeel word, fokus die aandag van die leser op elke aspek, eerder as om 'n oorsig oor die hele artikel te bied. Hierdie benadering verseker verder 'n nouer band tussen belydenis en Skrifgedeelte. Vergeer slaag uitmuntend daarin om hierdie band skerp af te ets, sodat die ooreenstemming tussen belydenis en Skrif vir die leser duidelik word. Dit bevestig die rol van die belydenis as naprater van die Woord van God. Die keuses van Skrifgedeeltes is goed deurdrag. Die skrywer verras met vars perspektiewe op geekte tekste en die bevestiging van leerstellige waarhede uit minder-bekende tekste. Elke oordenking getuig van 'n deeglike eksegetiese van sowel die belydenis as die Skrifgedeelte. Die produk van die skrywer se eksegetiese arbeid word duidelik en gefokus op die alledaagse lewe van die gelowige leser toegepas. Die skrywer maak soms gedagtespronge wat nie altyd maklik is om te volg nie, maar dit is waarskynlik die gevolg van die beperkte lengte van elke oordenking en die verwerking uit 'n langer en meer beredeneerde bron. Ek meen egter dat dit beslis nie die leser se begrip van die oordenkings belemmer nie.

Hierdie bundel is nie bedoel om 'n teologiese verklaring van die Nederlandse Geloofsbelydenis te wees nie. Dit is gerig op gelowiges in die kerkbanke wat weer 'n houvas op hulle belydenis wil verkry, of in hulle belydenis troos en bemoediging soek, soos 'n Guido De Bres wat gely het tydens die vervolging van die Protestante in die sestende eeu. Alle gelowiges sal by hierdie werk baat vind. Die oordenkings is geskik as persoonlike dagstukkies, maar ek meen dat Bybelstudie- en kleingroepe ook met vrug daarvan gebruik sal kan maak. Dit kan ook waardevol wees vir predikante in die

beplanning en aanbieding van kategese oor die Nederlandse Geloofsbelydenis.

Vergeer se ontdekkingsreis deur die Nederlandse Geloofsbelydenis, met die Skrif as kompas, bevestig dat dit nie maar 'n dooie stuk dogma is nie. Dit is inderdaad 'n lewende anker vir gelowiges in die postmoderne tyd, soos die skrywer in die voorwoord te kenne gee. Ek beveel hierdie bundel met vrymoedigheid by alle gelowiges aan.

Grobler, H.M. 1999. Die diep bedding wat baie water vat: preekbundel. Potchefstroom: Gereformeerde Kerk Potchefstroom-Oos. 192 p. Prys: R60,00.

Resensent: F.W. de Wet
Praktiese Teologie, Potchefstroomkampus,
Noordwes-Universiteit

In *Die diep bedding wat baie water vat* is 'n uitgesoekte versameling preke, wat ds. Herman Grobler tydens sy bedieningstyd in die Gereformeerde Kerk Potchefstroom-Oos gelewer het, opgeteken. Met dankbare herinnering dink die gemeente terug aan die jarelange diens van 'n predikant wat deur sy preekarbeid vir hulle die helder water van die Woord van God uit 'n diep bedding geskep het. Preke wat oor 'n jarelange tydperk in die gemeente gelewer is, is met groot sorg in vyf afdelings saamgebundel: In Afdeling A (Vier klein goedjies met buitengewone wysheid) is vier preke uit Spreuke 30 ingesluit. Afdeling B bestaan uit 'n aantal Kategismuspreek (Sondag 45-52) met die Onse Vadergebed as tema. In Afdeling C is vier preke uit die Psalms (onderskeidelik Psalm 4, 14, 34 en 46) gebundel. In Afdeling D is nege preke met die vrug van die Gees (Gal. 5:22) as tema opgeneem. Die bundel word afgesluit met Afdeling E waarin vyf algemene temas aan die orde kom, naamlik "Die draaghoute van die ark" (Eks. 25:15), "Die vrou het toe haar waterkruik net daar laat staan" (Joh. 4:28), "Julle moet die Here met ontsag dien" (Ps. 2), "U het my gebed verhoor" (Ps. 22) en "Die diep bedding wat baie water vat" (Joh. 2:24-25).

Wanneer die preke in hierdie bundel gelees word, hoor die leser opnuut weer die stem van 'n nederige dienskneg van die Here wat die Woord met 'n fyn aanvoeling vir die heiligheid en troosrykheid van die evangelie en vir die organiese ontplooiing van die openbarings-historiese lyne daarin, oopbreek in die midde van die ge-

meente. In een van die preke oor die klein goedjies wat van buitengewone wysheid getuig (Spr. 30:25 – die miere wat kos in die somer wegsit), trek die prediker op sy kenmerkende wyse die volgende lyne: “So, gemeente, het Jesus Christus in die ‘somer’ van sy Middelaarskap sy kos ingebring. Die kennis van die Vader se Woord en wil was sy voedsel. En toe sy ‘winter’ kom, toe die kruis kom, toe sterf Hy. Maar toe het Hy voorraad gehad. Dit hoor ’n mens onder andere in die kruiswoorde wanneer Hy uit die Psalms aanhaal. Dit bewys dat Hy voorraad gehad het. Niemand het vir Hom uit die Bybel voorgelees terwyl Hy aan die kruis gehang het nie. Hy het dit in Hom gehad omdat Hy ingesamel het ten einde u en my van die ewige ‘winter’ van God se oordeel te red. Hier het ons dus weer ons voorbeeld en ons verlossing!”

’n Verdere aspek van die styl waarin die Woordverkondiging van die prediker gegiet is, is die kenmerkende “geselstrant” en beeldryke taal waardeur die inhoud van die Woord op ’n lewenskragtige, reguit en ongekompliseerde wyse vir die hoorder toeganklik gemaak word. Die inhoud van die evangelie word nooit op ’n lewensvreemde, lesingagtige manier ontplooi nie. In ’n preek oor die vrug van die Gees (Gal. 5:22: Liefde) hoor ons die volgende gedagteontwikkeling: “En dan staan hier in vers 22, ons teksvers: die vrug van die Gees. Let op die enkelvoud. Die werke van die vlees. Dis baie dinge. Maar die vrug van die Gees. Dis soos ’n blom met nege blare. Nege blare wat vassit aan die een stam, is die vrug van die Gees. En dis syne – hierdie vrug – nie ons s’n nie. Ons maak deesdae pragtige kunsblomme. Die dinge lyk of dit werklikheid is, en as jy aan hom vat is hy dood. Maar die vrug van die Gees is lewe, dit lewe. En die eerste een is die liefde.”

In hierdie keurige preekbundel word nuwe en ou skatte uit die skatkamers van die koninkryk van God na vore gebring, wat die leser weereens onder die indruk bring van die rykdom van die Woord, die duidelikheid van die Woord en die lewensveranderende krag van die Woord. Die inhoud van hierdie bundel is egter nie bedoel om in die eerste plek gelees te word nie, maar om gehoor te word. Dit is lewende woorde wat hier opgeteken is! Wanneer ’n ouderling oorweeg om een van hierdie preke tydens ’n “leesdiens” aan te wend, sou daar met versigtigheid gesorg moet word dat die liefde vir die Woord van die Here en die innigheid waarmee hierdie woorde oorspronklik verkondig is, nie in die oordragproses verlore gaan nie. Die kerkraad van die Gereformeerde Kerk Potchefstroom-Oos, sou dit met verdere opplae van hierdie bundel kon oorweeg om die oorspronklike klankopnames van die preke in CD-formaat in te sluit.

Die ware impak van die teks sal eers tot sy reg kan kom wanneer die stem en intensiteit waarmee hierdie woorde oorspronklik verkondig is, daarmee saam gehoor kan word. Dit sou ook vir navorsers in die geskiedenis van prediking in die GKSA van onskatbare waarde wees indien kerkrade wat preekbundels publiseer, klankopnames saam met die teks beskikbaar stel met die datums waarop die preke oorspronklik in die gemeente verkondig is.